

# TEMPO-AANDUIDERS VIR AFRIKAANS HUISTAAL EN EERSTE ADDISIONELE TAAL

## GRAAD 12 - 2008

### Inleiding

Wanneer jy kyk na **al** die assesseringstandaarde soos vervat in die *Vakverklaring*, die voorskrifte vir formele assessering en veral die riglyne m.b.t. Vraestel 3 (Stelwerk), behoort 'n graad 12-leerder vertrou te wees met

- 6 verskillende tipes **opstelle**: *Huistaal*: 400-450 woorde; *Eerste Addisionele Taal*: 250-300 woorde
  - $\pm$  22 verskillende langer **transaksionele tekste**: *Huistaal*: 180-200 woorde; *Eerste Addisionele Taal*: 120-150 woorde, en
  - $\pm$  7 verskillende **korter tekste**: *Huistaal*: 100-120 woorde; *Eerste Addisionele Taal*: 80-100 woorde.
- Dit is onmoontlik om ál hierdie tekste in Graad 12 te behandel; daarom word hulle oor 'n tydperk van 3 jaar (Gr. 10-12) versprei. Die idee is dat leerders aan elk van hierdie tekste gedurende hierdie periode blootgestel moet word. Aan die einde van Graad 12 behoort leerders dan met elk van hierdie tekste in aanraking te gekom het.

In 2006 (met die aanvang van die NKV) en in 2007 was daar nie amptelike riglyne oor hoe die werk versprei moes word nie, en het elkeen basies na eie goeie denke gehandel. Hierdie riglyndokument verskaf nou riglyne oor hoe die werk in 2008 en daarna sistematies afgehandel kan word. Behalwe dat die “belangrikste” tipes skryfstukke gedek word, sal daar dan ook genoeg “skietgoed” vir die 2de en 3de kwartale wees om 'n gebalanseerde vraestel op te stel.

**Assessering** behels beide *formele* assessering en *informele* assessering:

- **Formele assessering**: Dit is ál die verpligte assesseringstake wat in die onderskeie assesseringsprogramme voorgeskryf word. Hierdie take se punte word vir bevorderingsdoeleindes gebruik, en punte word formeel aangeteken / gerekordeer. Dit is ook die take wat in eksamenvraestelle voorkom en wat nie weggelaat kan word nie. Dit is die **CASS**-punt (met die uitsondering van die eindeksamen) vir die leerder en hierdie take word onder gekontroleerde toestande afgeneem.
- **Informele assessering**: Hieronder word verstaan die res van die assesseringstake (soos vervat in die *Vakverklaring*) wat oor die periode van drie jaar gedek moet word. Hierdie take word nie onder gekontroleerde toestande afgeneem nie, byvoorbeeld klaswerk, tuiswerk, take (plakkate, stooibiljette, ens.). Punte behaal vir hierdie take word nie formeel aangeteken nie, en word ook nie vir bevorderingsdoeleindes gebruik nie. Die kern van alles is dat leerders aan al die verskillende tipes assesseringstake oor 'n periode van drie jaar blootgestel moet word

Taallesse word geïntegreerd aangebied en daarom is dit maklik om stelwerk uit mondelinge aktiwiteite of selfs voorgeskrewe tekste te laat vloei. 'n Voorbeeld vir *Huistaal* is die gedig, “Behoeftes aan ongunstige weers- en ander omstandighede”. Leerders kan 'n *betogende / argumenterende* opstel skryf (“Suid-Afrikaners is sportmal” of “Die gewone man op straat is sensasie-behep”); selfs 'n *beredenerende* opstel oor die invloed van die media op mense. 'n Voorbeeld vir *Eerste Addisionele Taal* is die gedig, “Die skoolhoof”. Leerders kan 'n *beskrywende opstel* skryf (“Hoekom ek daardie onderwyser altyd sal onthou”); 'n *huldeblyk* skryf, ens.

**Taal** word binne konteks onderrig. Tóg is dit *soms* nodig dat sekere taalaspekte en strukture apart verduidelik moet word voordat dit binne konteks onderrig kan word. Leerders het oefening nodig in hierdie strukture, asook “nuwe” terminologie in die NKV, byvoorbeeld “denotasie / konnotasie”, “manipulerende taal”, “register”, ens. (Hierdie terme word agter in die *Vakverklaring* onder “Woordelys” verduidelik). Hierdie **Tempo-aanduider** maak voorsiening vir die onderrig van alle taalaspekte soos vervat in die *Vakverklaring*, wat dan weer binne konteks ingeoefen word!

**Begripstoetse en opsommings** (gebaseer op 'n verskeidenheid visuele en geskrewe tekste) moet dikwels en gereeld inge oefen word.

**Voorgeskrewe tekste** vir 2008 is dieselfde as in 2007. **Huistaal:** By die roman *Kringe in 'n bos* moet ons aandag gee aan: intrige, subintrige, konflik, karakterisering, verteller, tema/plot, agtergrond, milieu/ruimte, stemming, tyd, ironie en afloop. By die drama *Periandros van Korinthe* behoort die volgende aspekte aandag te kry: dialoog, handeling, intrige en subintrige, konflik, dramatiese doelstelling, ironie, en die gebruik van dramatiese struktuur. By die 15 gedigte bestudeer ons woordkeuse, stylfigure, beeldspraak, klank, bou van versreëls, strofebou, rym en punktuasie.

**Eerste Addisionele Taal:** By die *kortverhale* kry die volgende aandag: intrige, konflik, karakterisering, die verteller, tema/plot, agtergrond, milieu/ruimte, stemming, tyd, ironie. By die *gedigte* kyk ons o.a. na woordkeuse, stylfigure, beeldspraak, klank, bou van versreëls, strofebou, rym en ritme, punktuasie.

Daar is sprake van **gemeenskaplike toetse** en **eksamens** in 2008. Diegene wat daardie vraestelle gaan opstel, sal volgens hierdie riglyndokument moet werk. Verder is dit belangrik dat onderwysers hierdie riglyndokument moet volg; anders gaan die leerders nie al die vrae kan beantwoord nie!

Wanneer ons vakansiedae en dae vir toetse en eksamens in ag neem, laat dit ons met effektief 107-110 dae om die Graad 12-leerplan te voltooi. Verder moet onthou word dat *Huistaal* meer tyd nodig het vir lees- en skryfvaardighede, terwyl *Eerste Addisionele Taal* gelyke tydstoewysing vir al vier leeruitkomste het. Hierdie faktore is in aggeneem by die opstel van hierdie tempo-aanduider. Tussen hakies word die aanbevole aantal lesure / periodes vir elke Leeruitkoms aangedui, maar individuele onderwysers mag dit aanpas om by hul unieke behoeftes te pas. 'n Voorbeeld is iemand met 'n groot klas wat meer tyd vir mondelinge aktiwiteite nodig gaan hê as die onderwyser met minder leerders in die klas.

**Bylaag A** is 'n moontlike indeling van *skryfstukke per graad* wat van 2008 af as riglyn gebruik kan word.

**LET WEL:** Teen die einde van elke kwartaal moet die werk wat in die tempo-aanduider genoem word, gedek wees. Jy mag die volgorde waarin die take opgedeel is verander, **maar** alles in daardie kwartaal moet gedek wees. Die hoofrede hiervoor is die moontlikheid van gemeenskaplike take. Die eksaminators gaan hul vraestelle baseer op die werk van 'n gegewe kwartaal, en as jy nie daardie werk behandel het nie, gaan jou leerders nie baie gelukkig met jou wees nie!

## 2008-TEMPO AANDUIDERS: AFRIKAANS HUISTAAL – GRAAD 12

### EERSTE KWARTAAL

| <b>MONDELING (6)</b>  | <b>LEES (10)</b>  | <b>SKRYFWERK (8)</b>   | <b>TAAL (BINNE KONTEKS) (8)</b>                               |                   |
|---|---|--|---|-------------------|
| Alle skryf- en voorgeskrewe werk behoort deur mondelinge gesprek voorafgegaan te word (kontekstualisering – ons gooi die spreekwoordelike klip in die bos!)<br><br><i>Woordeboekgebruik</i> | <b>VOORGESKREWE WERK:</b>   | <b>ADDISIONELE SKRYFWERK:</b>  | Spelpatrone, - reëls en – konvensies                          |                   |
|   | <b>GEDIGTE:</b>   | Informele take, bv.  | Afkortings  | Punktuasie        |
|   | • Wespark   | • Agenda en notule   | Komplekse   | Polisemie         |
|   | • Gebed van 'n groen perske   | • Redaksionele kommentaar  | Sinonieme   | Een woord vir ... |
|   | • Sy naam was Sasha   | • Advertensie  | Samestellings, afleidings en samestellende afleidings         |                   |
|   | • Karoodorp: someraand  | Oefen 'n <b>opsomming</b>  | Werkwoorde EN hoofte  |                   |
|   | • Besoekersboek   | <i>Spelling, puntuasie en woorderde moet onderrig word; daarna deurgaans ingeoefen word!</i><br><br><i>Woordeboekgebruik</i> | Voorsetsels   | Voegwoorde        |
|   | <b>DRAMA:</b> Bedrywe 1 - 3   |  | Sinsoorte   | Infinities        |
|   | <b>ROMAN:</b> Hoofstuk 1 - 4  |  | Enkelvoudige sinne  |                   |
|   | <b>ANDER TEKSTE:</b>  |  | Lydende en bedrywende vorm                                    |                   |
| Oefen 'n <b>begripstoets</b>  |   | Denotasie / konnotasie   |   |                   |
| <i>Idiome en figuurlike taalgebruik (deurgaans) binne konteks!</i>  |   | Woorderde (binne konteks)  |   |                   |
| <b>TAAK 3:</b> Hardoplees<br><b>TAAK 4:</b> Luisteroefening   | <b>TAAK 2:</b> Literêre opstel/kontekstuele vrae oor drama OF roman | <b>TAAK 1:</b> Beredenerende opstel  | <b>TAAK 5:</b> Toets 1 (Taal, begripstoets en / of opsomming) |                   |

### TWEDE KWARTAAL

| <b>MONDELING (5)</b>   | <b>LEES (12)</b>  | <b>SKRYFWERK (8)</b>   | <b>TAAL (BINNE KONTEKS) (9)</b>                                 |                        |             |
|--|---|--|---|------------------------|-------------|
| Alle skryf- en voorgeskrewe werk behoort deur mondelinge gesprek (kontekstualisering) voorafgegaan te word<br><br><i>Woordeboekgebruik</i> | <b>VOORGESKREWE WERK:</b>   | <b>ADDISIONELE SKRYFWERK:</b>  | Akronieme   | Trappe van vergelyking |             |
|  | <b>GEDIGTE:</b>   | Informele take, bv.  | Geslag  | Meervoud               | Verkleining |
|  | • Vincent van Gogh  | • Formele brief  | Ontkennende vorm  |                        |             |
|  | • Ballade van die Grysland  | • Verslag  | Homonieme   | Antonieme              |             |
|  | • Gesprek met 'n oogarts  | • Huldeblyk  | Deelwoorde  | Lidwoorde              |             |
|  | • Vroegherfs  | • E-pos  | Selfstandige naamwoorde   |                        |             |
|  | • Behoefte aan ongunstige ....                                      | Oefen 'n <b>opsomming</b>  | Byvoeglike naamwoorde   |                        |             |
|  | <b>DRAMA:</b> Bedrywe 4 en 5  | <i>Spelling, puntuasie en woorderde moet voortdurend ingeoefen word!</i><br><br><i>Woordeboekgebruik</i> | Voornaamwoorde  |                        | Bywoorde    |
|  | <b>ROMAN:</b> Hoofstuk 5 – 10                                       |  | Uitbrei van enkelvoudige sinne – byv. en bywoordelike bepalings |                        |             |
|  | <b>ANDER TEKSTE:</b>  |  | Implisiete / eksplisiete boodskappe                             |                        |             |
| Oefen 'n <b>begripstoets</b>   |   | <b>TAAK 9:</b> Toets 2 (Taal, begripstoets en / of opsomming/korter tekste)                              |   |                        |             |
| <b>TAAK 8:</b> Respons op vierde genre   | <b>TAAK 6:</b> Literêre opstel/kontekstuele vrae oor drama OF roman | <b>TAAK 7:</b> Feitelike opstel  |   |                        |             |

### DERDE KWARTAAL

| <b>MONDELING (6)</b>  | <b>LEES (12)</b>                | <b>SKRYFWERK (9)</b>  | <b>TAAL (BINNE KONTEKS) (9)</b>   |                  |
|---|---------------------------------|---|---|------------------|
| <p>Alle skryf- en voorgeskrewe werk behoort deur mondelinge gesprek (kontekstualisering) voorafgegaan te word</p> <p><b>Woordeboekgebruik</b></p> | <b>VOORGESKREWE WERK:</b>       | <b>ADDISIONELE SKRYFWERK:</b>   | Verboë vorme  | Intensiewe vorme |
|   | <b>GEDIGTE:</b>                 | Informele take, bv.   | Leenwoorde, klinkerwisseling, nuutskepping, kontaminasie, toutologie, analogie  |                  |
|   | • Dans van die reën             | • Toespraak   | Verwarrende woorde  |                  |
|   | • Lied van die kinders          | • Tydskrifartikel   | Homofone  | Paronieme        |
|   | • Opwekkingsdiens               | • Memo  | Telwoorde   | Tussenwerpsels   |
|   | • Troetelwoorde van Ogilvie ... | • Pamflet   | Aanwysende woorde   |                  |
|   | • Paternoster vir Suid-Afrika   | Oefen 'n <b>opsomming</b>   | Veelvoudige sinne en saamgestelde sinne – byvoeglike en bywoordelike bysinne    |                  |
|   | <b>ROMAN:</b> Hoofstuk 11 – 18  | <i>Spelling, punktuasie en woordorde moet voortdurend ingeoefen word!</i><br><br><i>Woordeboekgebruik</i> | Direkte en indirekte rede   |                  |
| <b>ANDER TEKSTE:</b>  | Partydigheid, stereotipe, ens.  |   |   |                  |
| Oefen 'n <b>begripstoets</b>  |                                 |   |   |                  |
| <i>Idiome en figuurlike taalgebruik</i> altyd binne konteks!  |                                 |   |   |                  |
| <b>TAAK 12:</b> Voorbereide toespraak, debat of onderhoud   |                                 | <b>TAAK 11:</b> Bespiegelende opstel  | <b>TAAK 13:</b> Toets 3 (Taal, begripstoets, en / of opsomming / korter tekste) |                  |

### VIERDE KWARTAAL

**SOU DAAR ENIGE ONDERRIGTYD IN HIERDIE KWARTAAL WEES, KAN DIT VIR AFRONDING EN HERSIENING GEBRUIK WORD**

## 2008-TEMPO AANDUIDERS: AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL – GRAAD 12

### EERSTE KWARTAAL

| MONDELING (6)   | LEES (9)   | SKRYFWERK (9)  | TAAL (BINNE KONTEKS) (8)  |
|---|--|--|---|
| Alle skryf- en voorgeskrewe werk behoort deur mondelinge gesprek voorafgegaan te word (kontekstualisering – ons gooi die spreekwoordelike klip in die bos!)<br><br><i>Vertaling en woordeboekgebruik kan hier ingewerk word</i> | <b>VOORGESKREWE WERK:</b>  | <b>ADDISIONELE SKRYFWERK:</b>  | Spelpatrone, - reëls en – konvensies  |
|   | Die ramp / Die vyfde band  | Informeel take, bv.:   | Afkortings  |
|   | Nag by die drif  | • formele brief  | Simplekse   |
|   | Eensaamheid  | • advertensie  | Sinonieme   |
|   | Wys my die plek  | • dialoog  | Een woord vir ...   |
|   | Dans van die reën  | Oefen 'n <b>opsomming</b>  | Samestellings en afleidings   |
|   | Wespark  | <i>Spelling , puntuasie en woordorde moet onderrig word; daarna deurgaans <b>ingeoefen</b> word!</i> | Werkwoorde EN hooftye   |
| <b>ANDER TEKSTE:</b>  | Voorsetsels  |  |   |
| Oefen 'n <b>begripstoets</b>  | Sinsoorte  |  |   |
| <i>Idiome en figuurlike taalgebruik binne konteks!</i>  | Voegwoorde   |  |   |
| <b>TAAK 3:</b> Hardoplees   | <b>TAAK 2:</b> Literêre opstel OF kontekstuele vrae oor die kortverhale OF gedigte | <b>TAAK 1:</b> Verhalende opstel<br><b>TAAK 5:</b> 'n Korter teks, bv. e-pos, memo of slagspreuk     | Enkeltvoudige sinne<br>Lydende en bedrywende vorm<br>Denotasie / konnotasie |
|   |  |  | <b>TAAK 4:</b> Toets 1 (Taal, begripstoets en / of opsomming)               |

### TWEDE KWARTAAL

| MONDELING (7)  | LEES (9)   | SKRYFWERK (9)  | TAAL (BINNE KONTEKS) (9)  |
|--|--|--|---|
| Alle skryf- en voorgeskrewe werk behoort deur mondelinge gesprek (kontekstualisering) voorafgegaan te word<br><br><i>Vertaling en woordeboekgebruik kan hier ingewerk word</i> | <b>VOORGESKREWE WERK:</b>  | <b>ADDISIONELE SKRYFWERK:</b>  | Trappe van vergelyking  |
|  | Die wedloop / 'n Bars loop deur ...  | Informeel take, bv.:   | Meervoud  |
|  | 'n Man kom tuis / Prinses Ponselle   | • instruksies  | Geslag  |
|  | Eksamen  | • verslag  | Homonieme   |
|  | Die gevalle Zoeloe-indoena   | • agenda en notule   | Antonieme   |
|  | Maria  | Oefen 'n <b>opsomming</b>  | Selfstandige naamwoorde   |
|  | Dag op Nuweland  | <i>Spelling , puntuasie en woordorde moet deurgaans <b>ingeoefen</b> word!</i> | Byvoeglike naamwoorde   |
| <b>ANDER TEKSTE:</b>   | Voornaamwoorde   |  |   |
| Oefen 'n <b>begripstoets</b>   | Lidwoorde  |  |   |
| <i>Idiome en figuurlike taalgebruik binne konteks van bg. tekste</i>   | Bywoorde   |  |   |
| <b>TAAK 8:</b> Luisteroefening<br>Vorbereide praat   | <b>TAAK 9:</b> Literêre opstel OF kontekstuele vrae oor die kortverhale OF gedigte | <b>TAAK 7:</b> Beskrywende opstel  | Uitbrei van enkelvoudige sinne<br>Ontkennende vorm<br>Implisiete / eksplisiete boodskappe |
|  |  |  | <b>TAAK 6:</b> Toets 2 (Taal, begripstoets en / of opsomming)                             |

## DERDE KWARTAAL

| <b>MONDELING (7)</b>   | <b>LEES (10)</b>               | <b>SKRYFWERK (10)</b>   | <b>TAAL (BINNE KONTEKS) (9)</b>                                |
|--|--------------------------------|---|--|
| Alle skryf- en voorgeskrewe werk behoort deur mondelinge gesprek (kontekstualisering) voorafgegaan te word | <b>VOORGESKREWE WERK:</b>      | <b>ADDISIONELE SKRYFWERK:</b>   | Leenwoorde   |
|  | Rooikoos / Die stokperdjie     | Informele take, bv.:  | Verboë vorme   |
|  | Die ooreenkoms / Hoe groen ... | <ul style="list-style-type: none"> <li>• toespraak</li> </ul>                   | Intensiewe vorme   |
|  | Maaltyd                        | <ul style="list-style-type: none"> <li>• pamflet</li> </ul>                     | Verwarrende woorde   |
|  | Pearson                        | <ul style="list-style-type: none"> <li>• huldeblyk</li> </ul>                   | Homofone   |
|  | Die skoolhoof                  | Oefen 'n <b>opsomming</b>   | Paronieme  |
|  | Die ou bokser                  | <i>Spelling , punktuasie en woordorde moet deurgaans <b>ingeoefen</b> word!</i> | Aanwysende woorde  |
| <b>ANDER TEKSTE:</b>   | Tussenwerpsels   Telwoorde     |   |  |
| Oefen 'n <b>begripstoets</b>   | Saamgestelde sinne             |   |  |
| <i>Idiome en figuurlike taalgebruik binne konteks van bg. tekste</i>                                       |                                | Direkte en indirekte rede   |  |
|  |                                | Partydigheid, stereotipering, ens.  |  |
| <b>TAAK 11:</b> Respons op die derde Genre   |                                | <b>TAAK 12:</b> Bespiegelende opstel  | <b>TAAK 13:</b> Toets 3 (Taal, begripstoets en / of opsomming) |

## VIERDE KWARTAAL

**SOU DAAR ENIGE ONDERRIGTYD IN HIERDIE KWARTAAL WEES, KAN DIT VIR AFRONDING EN HERSIENING GEBRUIK WORD**

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL GRAAD 10 – 12

### BYLAAG A: TEKSTE OM TE PRODUSEER – 'n INDELING VAN SKRYFSTUKKE PER GRAAD

| GRAAD 10   | GRAAD 11   | GRAAD 12   |
|--|--|--|
| <b>KREATIEWE TEKSTE: OPSTELLE</b>  |  |  |
| Verhalend  | Argumenterend  | Bespiegeland   |
| Beskrywend   | Beredenerend   | Feitelik / Verklarend  |
| Respons op letterkunde (keuse van 'n literêre opstel oor een van die genres) | Respons op letterkunde (keuse van 'n literêre opstel oor een van die genres) | Respons op letterkunde (keuse van 'n literêre opstel oor een van die genres) |
| Lengte van alle opstelle: 150 – 200 woorde                                   | Lengte van alle opstelle: 200 – 250 woorde                                   | Lengte van alle opstelle: 250 – 300 woorde                                   |
| <b>NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE</b>                                       |  |  |
| Navorsingsopdragte   | Navorsingsopdragte   | Navorsingsopdragte   |
| Woordeboekinskrywings  | Woordeboekinskrywings  | Woordeboekinskrywings  |
| Opsommings (60 – 70 woorde; lengte van teks: ongeveer 200 woorde)            | Opsommings (60 – 70 woorde; lengte van teks: ongeveer 230 woorde)            | Opsommings (60 – 70 woorde; lengte van teks: ongeveer 250 woorde)            |
| Notas en luiteraantekeninge  | Notas en luisteraantekeninge   | Notas en luisteraantekeninge   |
| Eenvoudige instruksies   | Aanwysings   | Moeiliker instruksies  |
|  | Kopkaarte en vloiediagramme  |  |
| <b>LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE</b>  |  |  |
| Vriendskaplike brief   | Brosjure   | Agenda en notule   |
| Brief aan die pers   | Resensie   | Tydskrifartikel  |
| Formele brief:<br>Uitnodiging/Bedanking/Gelukwensing                         | Formele brief: Versoek/Klagte/Simpatie                                       | Formele brief: Aansoek<br>Formele verslag                                    |
| Dialog (alledaagse situasie)   | Koerantberig   | Dialog (neem standpunt in)   |
| Informele verslag  | Koerantartikel   | Huldeblyk  |

| <b>KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE</b>            |   |  |
|--|---|--|
| Kort teksboodskappe (SMS)                      | Vorms invul                                   | Pamflette                                  |
| Poskaart                                       | Curriculum Vitae (CV)                         | E-pos                                      |
| Uitnodigingskaartjie                           | Faksboodskap                                  | Advertensies                               |
|  |   | Memoranda                                  |
| <b>MONDELINGE, VISUELE EN MULTIMEDIATEKSTE</b> |   |  |
| Plakkaat                                       | Strooibiljet                                  | Slagspreuke / leuses                       |
| Navorsingsprojek                               | Navorsingsprojek                              | Navorsingsprojek                           |
| Dialog opvoer                                  | Advertensie opvoer                            | Onderhoud voer                             |
| Informele toespraak                            | Informele toespraak                           | Informele toespraak                        |
| Formele toespraak                              | Formele toespraak                             | Formele toespraak                          |
| Aanbiedings met grafiese effekte               | Aanbiedings met grafiese – en/of klankeffekte | Aanbiedings met grafiese – en klankeffekte |



## AFRIKAANS HUISTAAL GRAAD 10 – 12

### BYLAAG A: TEKSTE OM TE PRODUSEER – 'n INDELING VAN SKRYFSTUKKE PER GRAAD

| GRAAD 10  | GRAAD 11  | GRAAD 12  |
|---|---|---|
| <b>KREATIEWE TEKSTE: OPSTELLE</b>   |   |   |
| Verhalend   | Argumenterend   | Bespiegeland  |
| Beskrywend  | Beredenerend  | Feitelik / Verklarend   |
| Respons op letterkunde - literêre opstel oor ten minste EEN van die genres (Lengte van opstel vir poësie: 150 – 200 woorde; vir drama en roman: 300 – 350 woorde) | Respons op letterkunde - literêre opstel oor ten minste EEN van die genres (Lengte van opstel vir poësie: 200 – 250 woorde; vir drama en roman: 350 – 400 woorde) | Respons op letterkunde - literêre opstel oor ten minste EEN van die genres (Lengte van opstel vir poësie: 250 – 300 woorde; vir drama en roman: 400 – 450 woorde) |
| Lengte van opstelle: 300 – 350 woorde   | Lengte van opstelle: 350 – 400 woorde   | Lengte van opstelle: 400 – 450 woorde   |
| <b>NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE</b>  |   |   |
| Navorsingsopdragte  | Navorsingsopdragte  | Navorsingsopdragte  |
| Woordeboekinskrywings   | Woordeboekinskrywings   | Woordeboekinskrywings   |
| Opsommings (80 – 90 woorde; lengte van teks: ongeveer 280 woorde)   | Opsommings (80 – 90 woorde; lengte van teks: ongeveer 320 woorde)   | Opsommings (80 – 90 woorde; lengte van teks: ongeveer 350 woorde)   |
| Notas en luiteraantekeninge   | Notas en luisteraantekeninge  | Notas en luisteraantekeninge  |
| Eenvoudige instruksies  | Aanwysings  | Parafrases  |
|   | Kopkaarte en vloiediagramme   |   |
| <b>LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE</b>   |   |   |
| Vriendskaplike brief  | Brosjure  | Agenda en notule  |
| Brief aan die pers  | Rubriek   | Tydskrifartikel   |
| Formele brief:<br>Uitnodiging/Bedanking/Gelukwensing  | Formele brief: Versoek/Klagte/Simpatie  | Formele brief: Aansoek<br>Formele verslag   |
| Dialog  | Koerantberig  | Redaksionele kommentaar   |
| Informeel verslag   | Koerantartikel  | Huldeblyk   |
| Resensie  |   |   |

| <b>KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE</b>            |   |  |
|--|---|--|
| Kort teksboodskappe (SMS)                      | Vorms invul                                   | Pamflette                                  |
| Poskaart                                       | Curriculum Vitae (CV)                         | E-pos                                      |
| Uitnodigingskaartjie                           | Faksboodskap                                  | Advertensies                               |
|  |   | Memoranda                                  |
| <b>MONDELINGE, VISUELE EN MULTIMEDIATEKSTE</b> |   |  |
| Plakkaat                                       | Strooibiljet                                  | Slagspreuke / leuses                       |
| Navorsingsprojek                               | Navorsingsprojek                              | Navorsingsprojek                           |
| Dialog opvoer                                  | Advertensie opvoer                            | Onderhoud voer                             |
| Informele toespraak                            | Informele toespraak                           | Informele toespraak                        |
| Formele toespraak                              | Formele toespraak                             | Formele toespraak                          |
| Aanbiedings met grafiese effekte               | Aanbiedings met grafiese – en/of klankeffekte | Aanbiedings met grafiese – en klankeffekte |